**MATIES!**
Probeer u eie winkel vir herstelwerk aan u rakette:
Kort snare 1/-. Lang snare 1/3.
Hersnarings: 17/6, 19/6, 25/6, 35/6. Armours super special snare 37/6.
**DIE EIKESTADWINKEL**
(Edms.) Bpk.
**C.S.V. HOOFGEBOU.**
Stellenbosch.

DIE
# Matie
STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.
Alles teen die billikste terme.
Onthou—
Net langs Suikerbossie.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

DEEL II, No. 13. VRYDAG, 29 MEI 1942. PRYS 1d.

## Hongerstaking Van Veronregte Afrikaners

### O.B.-Kommando's Stuur Telegram Aan Minister

**Oor ons hele land het daar in die afgelope tyd in die geledere van die Afrikanerdom steeds meer en meer gegroei 'n gevoel van diepe meegevoel teenoor ons volksgenote wat soos misdadigers in gevangenisse opgesluit sit. Van tyd tot tyd het Afrikanerleiers, en veral die Kommandant-Generaal van die Ossewa-Brandwag, in die openbaar in die bresse getree vir diegene wat op so 'n skreiende en onbeskaafde wyse veronreg en verneder word.**

In sy jongste toespraak op Stellenbosch nog het dr. van Rensburg buitengewoon skokkende feite aan die lig gebring omtrent die behandeling wat sommige van ons mede-Afrikaners tans in tronke moet verduur, veral wat betref die donker selletjies waarin hulle gekerker sit en die haas oneetbare kos wat aan hulle opgedis word. Voorts is ons bekend met die verder feit dat baie van hierdie gevangenes by gebrek aan beddens verplig is om op die grond te slaap. (Gelukkig is daar, na ons verneem, intussen deur bemiddeling van O.B.-kant daarin geslaag om aan sommige van hierdie swaar-beproefdes kampbedjies, asook addisionele komberse, verskaf te kry).

HONGERSTAKING

En nou weer in die afgelope paar dae is ons opnuut diep ontroer as gevolg van berigte in die pers i.s. die persone wat in Pretoria en Johannesburg met hongerstakings besig is as protes daarteen dat hulle sonder aanklagte en 'n verhoor in gevangenisse gestop is. Mev. Hartmann, wat die leiding geneem het in die hongerstaking, is reeds meer as ses maande opgesluit en vas al 18 dae aaneen; terwyl 27 van die ander gevangenes in Pretoria — wat by wyse van simpatiebetuiging met mev. Hartmann ook byna 'n week gelede, met 'n hongerstaking begin het — reeds meer as vier maande sonder verhoor in die tronk sit.

Teenoor dinge van hierdie aard kan en mag ons nie onverskillig staan nie. En daarom wil ons ons verenig met die duisende Afrikaners wat nie alleen hul stem verhef teen hierdie onregte wat gepleeg word teenoor lede van ons Boerevolk nie, maar wil ons tewens dankbare en stille hulde bring aan hulle wat besig is om hul offers op so 'n grootse wyse te bring!

TELEGRAM

Namens die O.B.-kommandos van Stellenbosch is daar trouens gister ook 'n telegram met die volgende woordlui aan die Minister van Justisie afgestuur: *„Ons voel diep gekrenk oor oneer aangedoen aan Afrikaners in gevangenisse sonder verhoor. Ons doen beroep op u regverdigheidssin."*

Ten slotte wil ons vra — veral aan diégene wat hul beroem op ons „demokratiese vryheid en reg": „Strek hierdie dinge tot die eer van Suid-Afrika as 'n *beskaafde* land? of moet ook hulle toegee dat dit 'n onweerlegbare en tragiese feit is dat — soos ons Kommandant-Generaal gesê het — *„Die Afrikaner is 'n vreemdeling in sy eie land."*

## DAMES-HOKKIE

Verlede Saterdag het die Maties se eerstespan groot opskudding verwek in die hokkiekringe deur Tuine se 1e span 2 — 1 te klop. Dit is Tuine se eerste neerlaag hierdie seisoen en die Maties se eerste oorwinning.

Ons vertrou dat hierdie onverwagte oorwinning die Maties meer selfvertroue sal gee vir die botsing teen Westelike Provinsie, wat op 6 Junie sal plaasvind.

Lede van die Handelsvereniging het verlede Dinsdag onder toesig van mnre. D. G. Franszen en W. Dempsey, 'n besoek aan die tabak- en kombersfabrieke in Kaapstad gebring. Hul belangstelling is bekroon deur 'n pakkie sigarette wat elkeen ontvang het.

## DIE NUWE TEENOOR DIE OUE

### 'n Paar Grondbeginsels Van Die Christelike Nasionalisme

Die demokrasie is gebore uit die bloedige Franse Rewolusie van 1789. Dit het ontstaan as gevolg van die eksesse van die absolutisme. Sekere grondbeginsels van die destydse nuwe stelsel, wat onafskeidbaar van die stelsel was, omdat dit die wese van die stelsel was, is deur alle volke wat demokraties geword het, aanvaar.

**Uit die Sturm und Drang van die huidige REWOLUSIE VAN DIE TWINTIGSTE EEU is besig om te verrys die nuwe wêreld-orde. Hierdie nuwe stelsel ontstaan as gevolg van die ekonomiese eksesse, b.v. kapitalisme en uitbuiting teenoor werkloosheid en armoede, van die huidige sogenaamde demokrasie. Sekere grondbeginsels van hierdie nuwe stelsel wat onafskeidbaar van die stelsel is, omdat dit die wese van die stelsel is, moet deur alle volke aanvaar word, wat die reddende krag van die nuwe ideologie wil ondervind.**

Net soos die demokrasie destyds daardie beginsels van die absolutisme wat ten grondslag van die eksesse en van die destydse ellende gelê het, oorboord moes gooi net so moet die Christelike Nasionalisme, wat die draer van die nuwe gedagte in Suid-Afrika is, vandag ook daardie verrotgeworde beginsels van die demokrasie wat tot eksesse en ellende gelei het, oorboord gooi en sy eie gesonde beginsels in die plek daarvan stel.

| Beginsels van die Christelike Nasionalisme teenoor | Beginsels van die Demokrasie. |
|---|---|
| 1. Persoonlike verantwoordelikheid. | Onpersoonlike onverantwoordelikheid van toevallige meerderhede. |
| 2. Deskundige Leiers. | Onbevoegde en Onbeholpe Ministers. |
| 3. Planmatige regering wat berus op gesag en kennis. | Verknoeide regering wat berus op opportunisties wisselende eleksie-krete. |
| 4. Eenheidsvolkstaat, funksioneel saamgesnoer. | Parlementaristiese staat, partypolities verdeel. |
| 5. Staatsgesag en staatskontrole as behoudende faktore in die samelewing. | Individualisme en liberalisme as ontbindende faktore in die samelewing. |
| 6. Gemeenskapswelvaart. | Plutokrasie en uitbuitery. |
| 7. Sosialisties. | Kapitalisties. |
| 8. Geen klasseverskil; almal gelykberegtigde, trotse vaderlanders. | Kapitalis en Proletoriaat, opgeblase geldbaas en niksbeduidende werker. |
| 9. Persoonlike waardes wat uit karakteradel spruit. | Geld wat stom is maak reg wat krom is. |
| 10. Arbeid is rykdom; arbeid wat onafskeidbaar van die volk is. | Goud is rykdom; goud wat onafskeidbaar van die internasionale geldwolf is. |
| VOLKSBELANG VOOR EIEBELANG. | EIEBELANG VOOR VOLKSBELANG. |

**APTEKERS**
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.
Maak gebruik van ons Vlugge Fotografiese Posdiens.
**JOERNING EN SEUN**
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**Suikerbossie Melksalon**
HOOFKWARTIER
van
GESONDHEID.
Ligte Etes, Melkdranke (warm en koud), Koffie, Tee en Lekkers.
Onder persoonlike toesig van
OOM HUGO.

**W. C. DU TOIT**
SKOENREPAREERDER,
Van Ryneveldstraat
STELLENBOSCH.
(Langs die Eike Kafee)
Nooi al u skoene uit na sy deeglike herstelwinkel, waar hulle netjies versool word deur deskundige werkers en moderne elektriese masjienerie teen die allerbillikste pryse.
Met daelikse ondervinding kan ek u goeie raad gee om u sak te bespaar, en wil u ook bedank vir ondersteuning in die verlede.

Maties!....die gewilde afsaalplek....
die Kaapstadse Koffiehuis
*Wandelgang,*
Groote Kerkgebou,
**KAAPSTAD**
(Foon 3-0520)
'n Ou Tradisie herlewe!
*Na 'n besige dag in die stad — rus en smaaklike etes in die KOFFIEHUIS.*

Dames dis u plig om u hare by die
DAMES HAREVERSORGING-SALON
te laat versorg.
*U voorkoms is hoofsaak.*
U onderskeiding by ons verseker die vordering van die Afrikaanse ondernemingsgees en versorg werk vir die Afrikaner dogter.
*Ons pryse is na u smaak.*
**Dagbreek-Dames-Hareversorgingsalon**
**Langmarkstraat 141,**
**KAAPSTAD.**
(Grondvloer).
*Skakel 2-5662.*

**R. MÜLLER**
EERSTE vir KLAVIERE, VLEUELS, ORRELS.
Alle ander soorte
MUSIEKINSTRUMENTE, MUSIEKALE BENODIGHEDE, DRAADLOOSTOESTELLE EN GEDRUKTE MUSIEK.
WAPENS, AMMUNISIE, ens.



**R. MÜLLER**
(Eiens.) Bpk.
KAAPSTAD en STELLENBOSCH.

Tel. 2-1944. Posbus 2657.
**R. W. van Rijn,**
BRILMAKER.
Kamers 501-520 Vyfde Verdieping
Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.

Laat u brilvoorskrif deur my voltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame. Spesiale afslag vir Studente.

**NUWE WINKELURE ! !**

**Die C.S.V. Boekhandel,**
sal in die toekoms net gedurende die volgende ure oop wees.

MAANDAG, DINSDAG, DONDERDAG, VRYDAG
van 8.30 v.m. — 1. n.m.
van 2.30 n.m. — 5.30 n.m.

WOENSDAG en SATERDAG
van 8.30 v.m. — 1 uur.

PAS ONTVANG! Nuwe uitgawe van die veelbesproke boek

„THERE ARE NO SOUTH AFRICANS"
deur G. H. Calpin, 12/6.

*U Laaste Kans!*

„HOU KOERS" DAGBOEKIE
nou teen verminderde prys verkrygbaar 1/3 elk.

*Koop dadelik een!*

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

**DIE MATIE**

Hoofredakteur: A.N.S.-Taksleier.
Redakteur: P. A. Theron.
Ass.-Redakteur: B. J. v. d. S. de Villiers
Besigheidsbestuurder: S. P. Botha.
Spesiale Medewerkers: D. G. Franzsen, W. R. Laubscher.

Deel II. 29 MEI 1942. No. 13.

## DIE MEERDERHEID

Aangesien ons hooggeëerde kliek van beroepspolitici voortdurend verkondig dat die parlementêre demokrasie dié stelsel is wat hom die beste aanpas by die Afrikaner se sg. „volksaard," is dit nodig dat ons 'n paar aspekte van hierdie prysenswaardige sisteem 'n bietjie van naderby beskou.

Die groot grondbeginsel van hierdie stelsel is dat die regeerders, of liewer die regerende politieke party, bepaal word deur die meerderheidstem van die volk. Nou kom onmiddellik die vraag by 'n mens op: **Wie presies maak hierdie almagtige meerderheid uit? Is die groot massa van 'n volk altyd die beste, gesondste en intelligentste deel daarvan?** *Veral in Suid-Afrika met sy gemengde bevolking: Sou 'n mens kon beweer dat die meerderheid die mense is wat die beste daartoe in staat is om 'n selfstandige opinie te vorm en wat die minste beïnvloed word deur die leuenveldtogte van 'n korrupte pers?*

**In kort, is dit billik dat by 'n verkiesing die stem van 'n doktor in regsgeleerdheid neutraliseer word deur dié van enige half-nugter skollie: dat die twee dus beskou word as ewe bevoeg om 'n oordeel oor landsake te vel? Ons sou graag die antwoord van die Ou Orde mense hierop wil verneem.**

Nog 'n vraag wat ons aan hulle wil stel is die volgende: —

*Is die man, wat die kuns verstaan om die groot massa na sy mening oor te haal, die bekwaamste regeerder? Moet 'n geniale persoonlikheid dus sy grootse skemas vir nasionale rekonstruksie opsy sit omdat hy nie kans sien om die onkundige meerderheid dit te laat begryp nie? En gestel nog dat hy hierin slaag, moet hy in die parlement van al sy dade gaan rekenskap gee aan 'n klomp half-wakker nonentiteite met geen kennis van die onderwerp nie?*

In ons opinie is dit nie die bekwame man nie, maar eerder die „leë vat" tipe, wat so baie geraas kan maak, wat die grootste aanhang het onder die agterlike en talryke deel van ons volk. Hiervan word elke dag oorvloedige bewys gelewer.

### Organiseerder Benodig

Enige student wat graag ondervinding van konsertorganisasie e.d.m. in verband met die K. S. Blaasorkes wil opdoen, moet hom so gou as moontlik by die redakteur van „Die Matie" aanmeld.

(Vervolg van kol. 4)

druk-bevaarde Amerikaanse waters verneem dan kan nie anders as 'n groot verbetering in die duikbootkonstruksie veronderstel word nie. Aangesien die oorlogvoering van Brittanje en Amerika hoofsaaklik deur die skeepvaart bepaal word, is dit duidelik dat hulle in die duikboot hulle dodelikste vyand het. Vandaar Amerika se reusagtige skeepsbouprogram.

# Die Oorlog

## XIII. WAARHEID EN DIGTING.

*„De Waereldgeschiedenis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

Deur Prof. J. A. Wiid

### AS DESKUNDIGES VERSKIL....

Daar is 'n ou bekende gesegde dat die waarheid in 'n oorlog die eerste ongeval is en dit geld ook vir oorlogsprofesieë en oorlogsvoorspellings wat gewoonlik onder die gesneuweldes sterk verteenwoordig word. Hierdie oorlog het dit reeds oor en oor bewys. Die oorlogsprofesie is veral kwetsbaar as voerende persoonlikhede uit dieselfde kamp die teenoorgestelde profeteer. 'n Voorbeeld hiervan kan in die Cape Argus van 23 Mei gevind word. Volgens hierdie blad sou veldm. Smuts verlede Saterdag in Johannesburg verklaar het dat hy nie daaraan twyfel dat ons die oorwinning in die nie-verre toekoms sal behaal nie. Volgens dieselfde blad van dieselfde datum sou pres. Roosevelt ongeveer dieselfde tyd in Washington geprofeteer het dat hierdie oorlog lank sal duur, dat dit 'n „awfully long" oorlog gaan wees. Nou ja, as deskundige profete uit dieselfde kamp verskil dan pas dit die leek om te swyg en die spreekwoord te onthou: die ou profete is dood en die jonges eet semelbrood. Die profeet het in elk geval altyd 'n ondankbare taak. Profeteer hy iets wat later regtig gebeur dan sê almal: Sien jy nou, ons het mos gesê dit sou gebeur. Is sy profesie verkeerd dan word hy, as die mensdom se geheue nie so kort is nie, as 'n valse profeet uitgekryt.

### WINSTON CHURCHILL

Onkunde oor wat presies in die vyand se land aangaan en wensdenkery werk sonder twyfel valse profesieë in die hand. Owerigens is dit in hierdie tyd van oorlog en onder die druk van geweldige propaganda nie altyd maklik om die waarde en betekenis van persone en gebeurtenisse juis te beoordeel nie. Winston Churchill is 'n voorbeeld. Dit is nou ongeveer twee jaar dat hy nie alleen die eersteministerskap maar ook die Britse leiding van die oorlog op hom geneem het nie. Gedurende hierdie twee jaar het Brittanje en die Empaaier terugslae sonder weerga in sy geskiedenis ondervind; gedurende hierdie twee jaar het ministers, hoofde van die leër, die lugmag en die vloot gekom en gegaan maar Churchill het aangebly; terwyl wyle mnr. Chamberlain as gevolg van die Noorweegse debakel sy eersteministerskap moes neerlê, het die huidige eersteminister baie meer en baie ernstiger debakels seëvierend oorleef. Hy kon verlede week dit selfs nog waag om die twee-daagse debatte in die Laerhuis, waar juis sy werk as minister van verdediging behandel is, nie by te woon nie. Hoe het Churchill dit alles reg gekry en nog as eersteminister aangebly? Is dit omdat hy deur groot bekwaamheid onmisbaar is? Is dit omdat hy as ervare en handige parlemantarier handige en inspirerende toesprake kan afsteek? Is dit omdat hy persoonlik onmisbaar is vir die handhawing van Britse prestige in die buiteland b.v. in Amerika? Is dit omdat hy die gunsteling is van die Brits-Amerikaanse propaganda-masjien? Of is dit miskien omdat hy, omring deur Lilliputters, geen gevaarlike mededingers het nie? Hoe dit ookal sy, 'n feit is dit dat geen ander Britse eersteminister al ooit soveel terugslae oorleef het nie. Dit is wel waar dat kritiese stemme al meer en meer gehoor word maar op die oomblik lyk dit twyfelagtig of Churchill se eersteministerskap in ernstige gevaar verkeer. Sedert Churchill aan die bewind gekom het, het Brittanje wel twee nuwe magtige bondgenote in Rusland en die Verenigde State gevind. In hoeverre hierdie waardevolle hulp egter die persoonlike verdienste van Churchill is, sal die geskiedenis nog moet bewys.

### DIE RUSSIESE FRONT

Gedurende die afgelope paar weke het daar eindelik weer lewe aan die Russiese front gekom. Die Spilmagte het op die Krim 'n groot oorwinning behaal deur die Russiese leër op die skiereiland van Kerch te vernietig. Dit is nog nie duidelik of hierdie geslaagde offensief van die Spil slegs 'n beveiliging van hul regter vleuel of 'n aanval op Kaukasië met sy ryk oliebronne as doel het nie. Eersgenoemde lyk waarskynliker.

Gelyktydig met die aanval van die Spil op die Krim het die Russe met groot offensief in die rigting van Karkof begin. Hierdie offensief is oor die B.B.C. en gevolglik in ons nuusblaaie met groot ophef aangekondig en 'n vernietigende Russiese oorwinning is on die vooruitsig gestel.. Die nuusbase het die sogenaamde groot Russiese oorwinnings voor Smolensk en Staraya Russa, oorwinnings wat ewe plotseling uit die nuusberigte verdamp het, blykbaar vergeet. Dit is nie net hulle wat aan vergeetagtigheid ly nie. Hulle is mos ook gewoon om op die kort geheue van hul lesers te spekuleer. Nou ewe skielik het die nuusberigte versigtiger geword. Dit lyk nou miskien moontlik dat nie die Russe nie maar die vyand 'n groot oorwinning voor Karkof gaan behaal. Wanneer sal die here nuusfabrikante versigtigheid leer en afsien van die voëlstruispolitiek? Waarom eers 'n golf van optimisme skep en dan teen ooroptimisme waarsku soos pres. Roosevelt onlangs moes doen? Hierdie propaganda is sleg en dra meesal net by tot die verryking (of verarming) van 'n paar beursspekulante. Op die oomblik is die Russiese front nog die belangrikste front in hierdie oorlog. Hier sal harde feite en dade die deurslag gee en nie die wensdenkerige nuuskramer en ook nie die wensdenkerige profeet nie.

### DIE BRITS-AMERIKAANSE SKEEPVAART

As daar een aspek van hierdie oorlog is waaroor ons nuusberigte nie juis spraaksaam is nie, dan is dit die duikbootoorlog teen die Brits-Amerikaanse skeepvaart. Uit die geskiedenis van die Wêreldoorlog No. Een weet ons dat die vyandelike duikboot destyds, toe Brittanje in 'n baie gunstiger posisie verkeer het as vandag, 'n uiters ernstige gevaar vir die Britse versorging uitgemaak het. Ons weet verder dat Duitse duikbote destyds langs ongerieflike omweë vanaf Duitse basisse aan die Noordsee moes opereer, 'n ongerief wat vandag nie meer geld nie. Ons onthou ook nog hoeveel opspraak die duikboot „Deutschland" gemaak het toe hy na Amerika en teruggevaar het. As 'n mens vandag van groot bedrywigheid van Spilduikbote in

(Vervolg in kol. 2)

**Rook Springbok-Sigarette**

## „EX LIBRIS"

### Ds. T. N. Hanekom.

**BLOEDVERBASTERING EN SPRAAKVERWARRING**

Neh. 15: 23 — 24: „In die dae het het ek ook Jode gesien wat Asdodiese, Ammanitiese, Moabitiese vroue getrou het. En van hulle kinders het die helfte Asdodies gepraat, of die taal van watter volk ook; maar hulle kon geen Joods praat nie."

Wat ons in hierdie verse lees bewys hoe „laat" dit reeds was in Jerusalem en hoe treurig. In die uur van sy vernedering het vreemdes uit alle oorde, soos aasvoëls Palestina binnegestroom om te deel in die lyke buit. En hulle het daar gebly. Begryplik! Dit was seker baie beter daar as in hulle eie land. Ook hulle broers en susters het op hulle aanbeveling verhuis na hierdie nuwe „Kolonie," en so is die land oorstroom met baie nasies en baie tale.

Maar Nehemia vind geen fout met hierdie mense in die eerste plek nie. Hy kan hulle optrede begryp, miskien selfs verskoon. Hulle kan dit tog ook nie help dat hulle heidene is nie. Dit is hulle ongeluk maar nie hulle fout nie. Die uur van die Sending het nog nie geslaan nie! Maar wat Nehemia eenvoudig nie kan verstaan en nooit sal verdra nie, is die feit dat sy eie volk homself so verlaag en verneder. Met hulle vryheid het sy volksgenote blykbaar meer verloor; ook hulle nasietrots, selfrespek en nasieliefde is daarmee heen. Daarom trou hulle met die vroue uit Asdod en Moab. En hulle kinders praat Asdodies — „of die taal van watter volk ook al." Op die bloedverbastering volg 'n Babelse spraakverwarring. O! die misdade van die Vaders!

Hierdie toestand van volksverval het vir Nehemia diep in sy hart gegryp. Hy sien daarin nie maar net 'n „probleem" nie. Allermins 'n politieke vraagstuk. Dit het met politiek niks te maak nie. Nee, dis vir hom 'n verraad teen sy volk; dit is sonde — „'n groot kwaad teen God." Dis 'n skending van die ewige ordinansies van God! Elke nasie het sy eie bloedstempel en sy eie taal. Wie sy bloed verbaster en sy taal versmaai, verlaat die pad waarop die Here hom geplaas het en versmaai die wegwysers wat God geplant het op 'n volk se pad. Want daarop staan duidelik geskrywe: „Pasop vir die vreemde vrou! En wat geskrywe is, is geskrywe." En God het self met mense gepraat en laat praat in „hulle eie taal" (Hand 2). En wat die Here doen is goed, volmaak, heilig! Maar hierdie Jode van Jerusalem was kleurblind en klankdoof. In hulle lewe is sigbaar afgebeeld die groot smaad en smart wat oor Israël gekom het; en die vernedering en die skande! Hulle het geword die laagwatermerk in hulle volk se lewe! So het Nehemia dit aangevoel en daarom sy stamlys en volksregister opgetrek om hulle af te sonder en te brandmerk.

Ek het my lesers vir 'n lang tyd besig gehou met hierdie gedagtes van Nehemia, en sluit nou hiermee af. Dit was maar praatjies, haastig opgestel — maar tog nie my bedoeling om politiek te praat nie. Dit is nie my roeping nie en ook nie nodig nie. 'n Volk kan groot word en hoog lewe sonder politiek — veral sonder partypolitiek! Maar nooit, nooit kan en sal 'n volk groot wees sonder sedelike reinheid, sonder geestelike adel, en sonder geloof in God. Veral nie ons Boerenasie nie! En ons wat nog jonk is, moet dit ter harte neem en daaruit wysheid leer. Dit is die boodskap van Nehemia vir sy tyd — toe die mure stukkend was en die poorte verbrand; toe die altare in puin gelê het tussen die bouvalle van die heilige stad. Maar dit is ook die boodskap van die Bybel vir alle tyê, ook vir ons hier en vandag. God praat met elke volk in sy eie taal. Maar wat dan omtrent diegene wat hulle eie taal nie meer verstaan nie?

## PLATE-PROGRAM

*Sondag om 8.30 n.m.*

### 'N UURTJIE MET BACH

*„Van die ou meesters is alleen Bach en Handel genië. Bach is die aartsvader van die Harmonie." — Beethoven.*

Die musiekbestuur het besluit om in die vervolg die musiek van die grootste komponiste kronologies te behandel. Hierdie week begin ons met J. S. Bach. (Later sal 'n lesing gereël word oor die musiek voor sy tyd).

*Johann Sebastian Bach (1685 — 1750)* staan aan die toppunt van die ry kontrapuntiese komponiste. (Kontrapuntiese musiek bestaan uit verskeie onafhanklike melodië wat deurmekaar vleg om 'n organiese geheel te gee). Bach was in sy tyd bekend as 'n instrumentele voordraer. Sy musiek, eg Duits en tog beïnvloed deur Italiaanse musiek, het destyds alleen matige lof verwerf, en is selfs deur die volgende geslag vergeet. Maar Bach is 'n kolossus in die musiek-wêreld en Wagner het hom genoem „die ontsaglikste wonder in alle musiek." Bach was ook verantwoordelik daarvoor dat die twaalf verdelings van die oktaaf gelyk is. Dit is interessant dat sy eerste komposisie eers op 41 jarige leeftyd gepubliseer is, en dat hy werke gekomponeer het op temas wat Frederik die Grote aan hom gegee het.

Bach se werke (meestal koraal) verkry hul monumentale eienskappe van sy tegniese, praktiese meestерskrag in sy medium, en sy emosionele impuls, nl. die kombinasie van teerheid en sterkte — die stempel van 'n ware groot komponis.

Die program bestaan uit die volgende: —

(1) Die bekende *„Melodie vir die G-snaar"* (uit die orkes-suite in D).

(2) *„Die Voorspel en Fuga No. 3 in C kruis grootterts"* (sien vorige analise van die Fuga).

(3) *„Die 'Klein' Fuga in G kleinterts."*

(4) Sy grootste komposisie, *„Die Mattheus Passie,"* gebaseer op die leidingsgeskiedenis van Christus, is beskryf as „die rykste en edelste voorbeeld van gewyde musiek wat bestaan." Hieruit hoor u die aria *„Erbarme dich, mein Gott."*

(5) Die bekende *„Tocatta en Fuga in D kleinterts"* (orrel).

(6) Die geliefde *„Jesus bleibet meine Freude"* (uit Cantata No. 147).

(7) In sy *„Konsert vir twee viole in D kleinterts"* is die ornamentasie van die eerste deel gemeng met vloeiende, lieflike melodië, geweef met 'n aanslag wat beide lig en seker is. Die tweede deel (stadig) is 'n tipiese voorbeeld van rustige emosie. Die laaste deel is weer taamlik vinnig.

*G. F. S.*

Annette Brink van Sonop, spesiale solokornetspeelster van die K.S.B. het Woensdagaand gevind dat haar instrument rooi afgee aan haar lippe.

**Dit word gefluister: —**

Dat die R.A.R.O.-tak alhier hom beywer met die maak van 'n nuwe rolprent.

Dat dit 'n film sal wees wat die bewondering van elke opregte Matie en Oud-Matie sal afdwing.

Dat R.A.R.O. se tweede vollengte speelprent „Ons staan 'n Dag Oor" eersdaags hier vertoon sal word.

## Onder Onsies

Nieteenstaande die onaangename weer was Wilgenhof se huisdinee verlede Woensdagaand, netsoos in die verlede, weer 'n groot sukses. Na afloop van 'n baie aangename dinee in Wilgenhof se eetsaal het almal gesellig byeengekom in die C.S.V.-saal waar 'n skitterende program gelewer is deur Wilgenhof se eie talent.

Prof. en mev. Eppie Stegmann, en mnr. en mev. Koos Smit was die eregaste.

* * *

Noudat die Bolandse reëns, tesame met 'n stortvloed van toetse andermaal die botoon vier hier op Stellenbosch, is daar meer as een Matie wat terug verlang na die somer en sonskyn van die ou Transvaal, o.a. ook mej. Koekie Coetzee (in haar geval is daar nog egter bykomende belangstellings ook).

* * *

Dr. Fransie Malherbe het Donderdagaand na Port Elizabeth vertrek waar hy beoordelaar sal wees op 'n Kunswedstryd aldaar.

* * *

Mej. Rosa Kok was alweer 'n slagoffer van die Bolandse winterweer, en is nou al 'n geruime 14 dae in die bed.

* * *

Mnr. Theunis Human en 'n vriend is van plan om eerskomende naweek in die Hotel Assembly, Kaapstad, te gaan deurbring.

* * *

Gedurende die afgelope naweek was mnr. Frank Bekker weer 'n gereelde besoeker by „Sonop."

* * *

Mej. M. Zaayman van die personeel van Friedenheim Opleidings Kollege, Wellington, is terug op Stellenbosch om haar studies voort te sit.


*Daar's 'n Rede*

Die knapste Student kry die beste pos.
Die beste Drukwerk trek die meeste aandag.
Ons is bekend vir kwaliteit drukwerk teen konkurrerende pryse.

Pro Ecclesia-Drukkery,
Die Laan, Stellenbosch.

8 UUR FOTODIENS
U films kan nou in 8 uur ontwikkel en afgedruk word
VERGROTINGS 'N SPESIALITEIT
8-Uur Fotodiens
V/h Herold's Ateljee
Andringastraat - Stellenbosch

PLAZA
(Foon 0013.)
Vrydag en Saterdag
29 en 30 Mei
Matinee Saterdag om 3 uur
Hulle is weer terug
Merry
Mickey Rooney
Joyous
Judy Garland
is weer terug in die nuutste „Hardy Hit"
Life Begins For Andy Hardy

*Studente!*
Wees ekonomies en gaan versigtig te werk.
Laat
J. B. COETZEE
u volgende pak klere of kleurbaadjie maak.
AGENT VIR NANNUCCI DROOG SKOONMAKERS.
*Andringastraat.*

„Die Uitspan"
Waar? In die C.S.V.-Hoofgebou.
Wat? KAFEE waar warm etes, warm- of koeldranke en allerlei lekkernye bedien word. - - - -
Voorwaarde? Kom vind uit en wees verseker van bevrediging in
„Die Uitspan"

Alfred Blommaert,
(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.
KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -
Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

Darters
Pleinstraat, Stellenbosch
Vir waarde in
Boeke,
Skryfbehoeftes,
Musiek,
Musiekinstrumente
en Kunsmateriaal ens.
Ons is ook Fabriek-Distribueerders vir die beroemde „HIS MASTER'S VOICE" Radio's en Radiogrammofone.

DIE EIKE KAFEE
(Eienaar: van der Wes.)
STUDENTE:
Kom na die Eike vir vars vrugte, sjokolade en tabak.
Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

Rook Springbok-Sigarette

# Kommunisme Is Ons Vyand

Noudat wêreldgebeurtenisse so duidelik gewys het dat die demokrasie verrot en uitgedien is, so duidelik dat selfs die voorstanders van die demokrasie nie langer die inmekaargestorte stelsel kan opstut nie, nou styg daar ook uit die geledere van die demokrate 'n nuwe orde-kreet op. Dit word natuurlik gedoen om verwarring te veroorsaak.

**Daar is net een Nuwe Orde, en dit is die orde soos voortvloei uit die Rewolusie van die Twintigste Eeu. Hierdie rewolusie is besig om aan die wêreld die solidêre volkstaat te gee, wat nasionaal, sosiaal en anti-Kapitalisties is.**

Plutokrate en satelicte van huidige kapitalistiese gevestigde belange praat, om begryplike redes, ook nou van 'n nuwe orde. Ons weet gelukkig dat die orde wat hulle bedoel die Kommunistiese orde is. Dit is die begeerte van die liberaliste en plutokrate om uit die puin van die demokrasie die Kommunisme te sien verrys. Die Afrikaner is gelukkig op sy hoede teen hierdie propagandistiese vangnet.

## ONS VYAND

**Die Kommunisme is die vyand van die Boerevolk en van die Boeregeloof en van die Boerekerk.** Dis heel begryplik dat die Kommunisme vandag die bondgenoot van ons regering is.

**Die Kommunisme is ons vyand omdat dit die korrelaat van die Kapitalisme is. Dit is die skaduwee van die internasionale geldmag.** Kommunisme beoog nie die bevryding van die massas uit die kloue van die Kapitalisme nie. Inteendeel dit beoog juis die verslawing van die massas aan 'n kapitalistiese burokrasie. Kommunisme is die triomf van kapitalistiese uitbuiting. Ons sien vandag hoedat die Kommunistiese Republiek en die Kapitalistiese moondhede saam die Rewolusie van die Twintigste Eeu probeer onderdruk.

## ANTI-NASIONAAL

**Die Kommunisme is ons vyand omdat dit internasionaal is en die ontseteling van nasionalisme beoog.** Dit bring 'n stryd tussen die proletariaat en die sogenaamde profitariaat mee. ('n Stryd terloops wat die proletariaat nooit kan wen nie, en wat uitloop op sy algehele verslawing in die Kommunistiese staat). Hierdie inheemse volkstryd verdeel die nasie en slaan hom lam (net soos die partypolitiek). *Hierdie klassestryd vernietig nasionalisme en stel in sy plek die internasionalisme, wat prakties nutteloos en magteloos is.* So breek die Joodse en Plutokratiese bewerkers van Komunisme die ruggraat van nasies en kom hierdie dwingelande aan bewind.

**Die Kommunisme is ons vyand omdat dit geen kleurskeiding erken nie, en die blanke Heerskappy in ons land wil ophef.**

Die Kommunisme is ons vyand omdat dit in die praktyk die selfstandige boer, sakeman, ambagsman, professionele man, ens. uitskakel en van hulle „robots" in diens van die Kommunistiese heersers maak. Dit geskied alles in navolging van die spreuk in die mond van die kommunistiese heerser, nl. wat joue was, word nou myne.

**Die Kommunisme is ons vyand omdat dit God en sy Gebod verloën en bespot.**

## *KORRESPONDENSIE*

### Afrikaner onder Afrikaner

Die Redakteur,
„Die Matie."
Waarde Heer,

As ons Stellenbosch moet oordeel volgens die veelbesproke boek van G. H. Calpin, nl. THERE ARE NO SOUTH AFRICANS, sien ons die waarheid in van: „the (Stellenbosch students) were typical democrats. They were not prepared to grant to others what they demanded for themselves." Daarom is daar by geleentheid van 'n monstervergadering die mosie voorgelê om „Die Matie" in die ban te doen, en met die telling van hande is dit dan ook aangeneem.

Dit is heel duidelik dat daar een seksie was, al was dit die grootste, wat die ander nie sy meningsuiting wou gun nie; en, omdat hulle om verskeie redes nie by magte was om „Die Matie" met 'n teenblad te beveg nie, moes hy doodgedruk word Hier is dit veral waar ek protes aanteken, dat dié een seksie verkies om, in plaas van 'n eerbare skikking van Afrikaner tot Afrikaner te probeer verkry, die precedent skep om die Senaat te wil gebruik om hulle eie swakheid aan te vul. Dit was seker nie die beste oplossing vir die saak nie en voorwaar nie die eervolste nie.

Dat „Die Matie" in werklikheid tweedrag sou saai — 'n argument wat veel gebruik is om mense wat nie eers daarvan bewus was nie dit darem te laat insien — moet bewys word en nié beweer word nie. Toe destyds deur een van ons studente in 'n blad propaganda vir die regering gemaak is waardeur die klein Engelsgesinde minderheid dan teen ons gebots het is die sakie nooit aangeroer nie; toe is tweedrag oogluikend toegelaat, want ons was mos almal één van gedagte! Dis jammer, dat ons Afrikaners nie graag wil hoor dat 'n ander anders dink nie — ons toon dit veral nie in ons houding van verdraagsaamheid en liefde vir ons volksgenote nie, wat nog te sê van ons medestudente! Ons was nooit bewus van O.B. of H.N.P. of V. nie. Albei het hulle gang gegaan. Daar was geen aktiewe stryd, geen openlike tweedrag nie. Ons was nog een en almal Stellenbosse Studente. En nou? Nou is ons verdeel — ja, regtig verdeeld, net die Senaat moet nog besluit. Is dit eenheid bewerkstellig?

Hier word veral deserdae 'n nuwe woord gebesig. Ek bedoel 'n woord wat min tevore gebruik is: „Onwelvoeglikheid." Ongelukkig is dié gebruik 'n bietjie eensydig. „Die Matie" word beskuldig van onwelvoeglikheid, en net „Die Matie" alleen. Dit is nie vir my nodig om weer op die kwessie in te gaan nie. Dit is baie te betreur dat die amptelike orgaan van die Stellenbosse studente t.w. „Die Stellenboschse Student," per ongeluk, of miskien sorgvuldig, uitgelaat is toe dié onwelvoeglikheid voor die oë van die monstervergadering gehou is. „Die Student" wat 'n baie groter leserskring as „Die Matie" het, en wat die gees van Stellenbosch as geheel vertolk verdien eerder die aandag van vitteriges as die ‚onbesonne' „Matie." In dié verband kan ons opmerk dat ene *Hoogwater*, hoogaangeskrewe by „Die Student"-redaksie weens sy vele publikasies van wysgerige aard, van „Die Matie" praat as „voorwaar, 'n *komeet!*" Ten opsigte van „Die Student" kan ons sonder meer sien dat dit 'n *komdrink* is. Solank ons álmal onwelvoeglik is, met drank en suggestiewe taal deur middel van ons amptelike orgaan, wat ons álmal se gees vertolk, kan dit blykbaar maar voortgaan, want hier is ons mos weer één van gedagte. Maar pasop as een 'n grap maak!

Die vraag is nou of die kwessie op 'n misverstand berus en of kwaadwilligheid die oorsaak is. Dat die kwessie deur onderhandelings geskik kon word ly geen twyfel nie, as die gewilligheid maar net daar was. As dit misverstand was sou dit so kon opgelos word, want 'n Afrikaner behoort altyd grootmoedig genoeg te wees, en gewillig om 'n fout te erken, maar as die ander dan nie sy erkenning wil aanhoor nie en hulle ore toedruk en monstervergaderings hou, en blaaie ban, dan getuig dit van 'n gees van kwaadwilligheid en onversoenlikheid en onverdraagsaamheid. Dit help nie om van eenheid te praat as jy 'n ander afstoot nie.

Waar die verskil geensins oor beginsels gaan nie, maar wel oor idees, sou dit miskien goed wees as die kwaaie wil effe opsygeskuif word om plek te maak vir redelike oorweging en die stel van gedagtes in stede van gevoelens.

Dankie vir opname.
Die uwe,
Dawid F. v. d. Merwe.

# 1e Span Op Toer

Op 24e Junie vertrek die Maties eerstespan van Stellenbosch na Pretoria waar hulle op die 27e teen die Universiteit Pretoria se span sal optree. Die Pretoria-span het in die afgelope paar jaar steeds 'n hoër gehalte bereik en is vanjaar op sy beste. Twee bekende oud-Maties, „Speb" Jacobsz en „Empire" Pouw speel tans vir hulle. Die Pretorianers spog al geruime tyd met hierdie span van hulle en daar heers groot geesdrif aldaar vir die komende kragmeting.

Daar word ook verneem dat die oud-Maties in Pretoria en op die Rand hulle organiseer om die Matieliedjies vir ons spelers te sing. 'n Groot ontvangs word gereël, daar na hierdie wedstryd jarelank reeds vooruitgesien is.

Na die wedstryd teen U.P. sal die span op die Woensdag teen P.U.K. speel.

Die toerspan bestaan uit 18 lede. Hulle bestuurder is mnr. Retief.

Alle Maties wat enigsins moontlik van hierdie twee wedstryde kan bywoon word verwag om hulle ondersteuning aan ons manne te gaan gee.

# *LEBENSRAUM?*

Deur die Vrede van Versailles het Duitsland verloor 13 per sent van haar vooroorlogse oppervlakte, of 27,250 vierkante myle, en bykans 6,500,000 mense aan bevolking. Die Landbou area was verminder met omtrent 12,350,000 akkers of 14.3%. D.i. proporsioneel meer as die vermindering van haar totale area, omdat die areas in die oostelike provinsies verloor oorwegend landbougebied was. Saam met hierdie area verlies, kom nog die verlies van die kolonies, wat omtrent, 1,140,000 vkte myle, of meer dan ses keer die grootte van die moederland, insluit en wat 'n bevolking van 12,000,000 inwoners bevat het. Nieteenstaande hierdie verliese, moet die Duitsland van vandag (d.w.s. van voor hierdie oorlog) 'n groter bevolking, as voor die laaste wêreldoorlog onderhou.

## VORIGE INTERVARSITYS

Sedert die Victoria Kollege verander het in die Universiteit van Stellenbosch was die uitslae van Intervarsity-wedstryde as volg:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1919 | U.S. | 9 — | U.K. | 0. |
| 1920 | U.S. | 28 — | U.K. | 3. |
| 1920 | U.S. | 20 — | U.K. | 3. |
| 1921 | U.K. | 8 — | U.S. | 3. |
| 1921 | U.K. | 4 — | U.S. | 3. |
| 1922 | U.S. | 3 — | U.K. | 0. |
| 1922 | U.S. | 10 — | U.K. | 3. |
| 1923 | U.K. | 4 — | U.S. | 3. |
| 1923 | U.K. | 12 — | U.S. | 3. |
| 1924 | U.K. | 14 — | U.S. | 0. |
| 1925 | U.K. | 14 — | U.S. | 7. |
| 1926 | U.S. | 19 — | U.K. | 9. |
| 1927 | U.K. | 11 — | U.S. | 4. |
| 1928 | U.K. | 17 — | U.S. | 7. |
| 1929 | U.K. | 7 — | U.S. | 4. |
| 1930 | U.S. | 7 — | U.K. | 6. |
| 1931 | U.S. | 3 — | U.K. | 3. |
| 1932 | U.S. | 12 — | U.K. | 6. |
| 1933 | U.S. | 8 — | U.K. | 3. |
| 1934 | U.S. | 0 — | U.K. | 0. |
| 1935 | U.S. | 14 — | U.K. | 0. |
| 1936 | U.S. | 9 — | U.K. | 8. |
| 1937 | U.S. | 6 — | U.K. | 0. |
| 1938 | U.S. | 14 — | U.K. | 8. |
| 1939 | U.S. | 12 — | U.K. | 8. |
| 1940 | U.K. | 11 — | U.S. | 5. |
| 1941 | U.K. | 6 — | U.S. | 6. |
| 1942 | U.S. | 8 — | U.K. | 3. |


*ONTHOU ! !*

**FORRER BROERS**
**20 Burgstraat, KAAPSTAD.**

Die Drankhandelaars wat die beste dienste lewer en vir u die billikste kwotasies kan aanbied.

Ons sal u bestellings uitvoer by u volgende huis- of fakulteitsfunksie.



*Ondersteun*

**Hendrikz se Slaghuis en Viswinkel**

*Die beste dienste word gelewer.*

*ADRES: ANDRINGASTRAAT.*



**REËNJASTE VIR KLASLOOP**

Mans Vaal Reënjaste, 32/6; Mans Blou Reënjaste, 34/6; Mans Enkelbors Reënjaste, 46/-; Mans Dubbelbors Reënjaste, 63/6.
Mans Blou en Vaal Wol Reënjaste, 73/6 en Waterdig, 97/6.
Mans Warm Tweed Jaste Half-belt, sonder plooie in Rug vanaf 69/6, 79/6, 89/6, 105/-, 117/-, tot 120/-, in al die nuutste kleure.
Sambrele: 9/11, 10/11, 11/-, 11/6, 12/6.
Ons nuutste voorraad Oortrekjersies en Truie met hoë kraag het so pas gearriveer.
Leer Golfbaadjies, 62/6, 69/11.
Onthou hier kry u die grootste keuse op die dorp teen die laagste pryse. — Kom koop hier en slaan u slag.

**GEBROEDERS DE WET (EINS.) PBK.**
Bus 21. STELLENBOSCH. Foon 20.



**DIE PÊRELSE STOOMWASSERY**

Kom laat die Firma wat die Beste dienste lewer u ook bedien.

**Eienaar : Mnr. W. Marsh.**